



BREEDPLAN se Kwartaallikse verslag aan Simbra SA

Inhoudsopgawe

1. Opsomming	1
2. Lede getalle.....	2
3. Aantal geregistreerde diere	3
4. Getal gemete gewigte en ander eienskappe.....	4
5. “Completeness of performance” opsomming.....	5
6. Karkasresultate vir fase 1 van BGP projek.....	8
7. Uitskieter-verslae (Outlier reports)	12



1. Opsomming

- Oor die afgelope 3 jaar is 195 Simbra vleismonsters vir verskeie karkas- en vleiskwaliteits-eienskappe getoets. Vir meeste van die eienskappe was daar groot variasie tussen die gemete fenotipiese waardes van die verskillende monsters. ‘n Gedeelte van hierdie fenotipiese variasie behoort as gevolg van die onderliggende genotipiese variasie tussen die diere te wees, dus is seleksie vir beter karkas- en vleiskwaliteit moontlik.
- Van die 195 monsters wat getoets is, was daar 91 monsters (47% van die totaal) wat aan die huishoudelike standaard (minder as 4.6 kg) voldoen het. 50 van hierdie monsters (26% van totaal) het aan die restaurant standaard voldoen (minder as 3.8 kg).
- Teen die einde van Julie 2018 was daar 2 meer aktiewe lede op die stelsel as wat daar in April 2018 was, dit is egter steeds 5 lede minder as wat daar aan die einde van 2017 was.
- Ten spyte van die 3.2 % afname in lede getalle vanaf Desember 2017, het die totale aantal diere met 6.6 % toegeneem. Oor dieselfde periode het die totale aantal geregistreerde koeie ook met ‘n persentasie van 6.9 % toegeneem.
- **Tans het 87 % van die Simbra telers ‘n “Completeness of Performance” ster gradering van 2.5 of minder.** Data aantekening binne die ras kan dus beslis verbeter word. Die volgende moet in gedagte gehou word: hoe meer fenotipiese data (metings) beskikbaar is, hoe hoër is die akkuraatheid van die teelwaardes wat bereken word.
- Elke teler ontvang ‘n “Completeness of Performance” verslag vir sy eie kudde. Daarin word die data wat hy oor die afgelope paar jaar aangeteken het baie goed uiteengesit. Ek wil almal aanraai om daardie verslag te bestudeer en te kyk waar sy/haar data-aantekening verbeter kan word.

- Wanneer 'n dier se meting (bv. 200-dae gewig) te ver vanaf die gemiddeld van sy kontemporêre groep lê, merk die BREEDPLAN stelsel dit en word dit uit die analise gelaat. Na die analise ontvang die betrokke teler 'n Uitskieter-verslag (Outlier Report) wat die meting van hierdie dier binne sy kontemporêre groep aandui. Die teler moet deur die inligting werk en seker maak dat alles reg is. Indien daar foute is moet hy dit aan die genootskap deurgee om reg te stel op die stelsel. Indien dit inligting wel korrek is moet hy dit ook aan die genootskap deurgee sodat hul dit as korrek op die stelsel kan verifieer. Eers nadat dit gedoen is sal die betrokke dier se meting in die volgende BREEDPLAN analise ingesluit word.


2. Lede getalle

Jaar	Aantal lede
2005	148
2006	157
2007	183
2008	209
2009	221
2010	216
2011	216
2012	224
2013	224
2014	211
2015	194
2016	173
2017	155
2018_Apr	148
2018_Jul	150



3. Aantal geregistreerde diere

Jaar	Kalfboek bulle	Geregistreerde bulle	Kalfboek vroulik	Geregistreerd vroulik	Totale diere
2005	4 549	1 254	6 097	11 462	23 362
2006	5 324	1 441	6 794	12 930	26 489
2007	5 981	1 522	7 422	15 022	29 947
2008	5 840	1 589	7 202	16 178	30 809
2009	7 512	2 037	9 652	19 092	38 293
2010	8 172	2 247	10 321	20 631	41 371
2011	8 805	2 234	10 751	21 669	43 459
2012	8 927	2 351	11 470	21 887	44 635
2013	8 395	2 447	10 994	22 983	44 819
2014	7 681	2 285	10 156	19 006	39 128
2015	7 003	2 044	9 610	18 563	37 220
2016	6 221	1 886	8 802	15 212	32 121
2017	5 310	1 557	7 541	13 360	27 768
2018_Apr	5 918	1 430	8 160	12 791	28 299
2018_Jul	6 149	1 685	7 501	14 278	29 613








4. Getal gemete gewigte en ander eienskappe

Hierdie is 'n opsomming van die totale aantal rekords wat per eienskap deur die jare ingesamel is vir die SA Simbra ras.

Cumulative Summary Statistics for recorded traits				
	Number of sires:		44084	
	Number of dams:		101215	
Trait	Count	Mean	Minimum	Maximum
Gestation Length	1752	285.88	260	305
Birth weight	134389	35.66	15	70
200 weight -1	88559	233.44	55	550
200 weight -2	9148	242.73	80	526
400 weight -1	36865	317.16	98	762
400 weight -2	4178	353.36	145	683
600 weight -1	26579	404.99	116	905
600 weight -2	4665	432.04	189	844
Mature Wt -1	13703	491.6	300	901
Mature Wt -2	7127	535.1	300	783
Mature Wt -3	3809	549.69	322	798
Mature Wt -4	1992	560.21	304	820
Hfr-Scan P8 Fat	2518	2.93	1	15
Hfr-Scan Rib Fat	2501	1.97	1	9
Hfr-Scan EMA	2530	56.92	23	96
Hfr-Scan IMF%	2418	23.92	4	83
Bull-Scan P8 Fat	1656	3.02	1	11
Bull-Scan Rib Fat	1664	2.05	1	8
Bull-Scan EMA	1687	66.81	29	126
Bull-Scan IMF%	1668	23.12	3	82
Scrotal Size	3545	329.32	165	495
Days to Calv-1	3154	495.95	251	980
Days to Calv-2	1128	505.11	251	980
Days to Calv-3	404	459.18	261	980
Days to Calv-4	169	448.36	264	980
Days to Calv-5	78	459.59	266	980
Days to Calv-6	28	339.25	276	980

5. “Completeness of performance” opsomming

	Completeness of Performance	Number of Members (Jan 2018)	Number of Members (Apr 2018)	Number of Members (Jun 2018)
	Less than 2 stars	92	86	88
	2 stars	33	31	29
	2.5 stars	13	11	13
	3 stars	7	9	8
	3.5 stars	5	4	5
	4 stars	4	5	5
	4.5 stars	2	2	2
	5 stars	0	0	0


Bostaande tabel sluit die ster graderings van Desember 2017, April 2018, asook die huidige graderings in.

Die Volledigheid van Prestasie verslag bied ‘n opsomming van die stamboom en prestasie inligting wat deur ‘n teler by BREEDPLAN ingedien is. Die ster gradering, bereken vir ‘n kudde, word gebaseer op die proporsie van kalwers binne die kudde wat gebore is gedurende ‘n vasgestelde 5 jaar periode en wat prestasie getoets is vir elke eienskap.

Verskillende kriteria word vir elke ras gebruik om hierdie “ster” gradering te bereken, afhangende van die eienskappe waarvoor die ras BTWs ontvang. ‘n Voorbeeld van hierdie kriteria word op die volgende bladsy gegee.

BREEDPLAN bereken die persentasie van kalwers gebore in ‘n vasgestelde periode van 5 jaar wat prestasie rekords (fenotipes) het vir die eienskappe van belang. Dit gaan dus nie oor die hoeveelheid rekords wat in daardie spesifieke jaar aangeteken is nie. ‘n Waarde word toegeken aan die eienskap gebaseer op persentasie rekords aangeteken. Byvoorbeeld, as 70% van die kalwers ‘n 200 dae gewig het, word ‘n waarde van 8 daaraan toegeken. So word daar ‘n waarde aan elke eienskap toegeken. Hierdie waarde word gemaal met die “multiplier” in die laaste kolom. Daarna word al die waardes toegeken aan die verskillende eienskappe bymekaar getel. Elke ster-toekenning het spesifieke “grense” soos in die

onderstaande tabel aangedui, byvoorbeeld 'n totaal van tussen 105 en 120 sal 'n ster-toekenning van 3 aan 'n teler besorg . Die kriteria en berekening word duidelik uiteengesit op die volgende bladsy.



Criteria Used to Generate "Completeness of Information" Summary

For each individual trait, a score of 1-10 is allocated based on the percentage of animals recorded for that trait. The score of 1 – 10 is then multiplied by the "Multiplier" to create a score out of the "Max Score". For example, if 91% of animals had a DOB recorded, a score of 9 x 1.25 = 11.25 / 12.5 would be given.

Block	Trait	Max Score	Score										Multiplier	
			10	9	8	7	6	5	4	3	2	1		0
Animal / 40	DOB	10	>=95%	>=90%	>=85%	>=80%	>=75%	>=70%	>=65%	>=60%	>=55%	>=50%	<50%	X 1.0
	Site	10	>=95%	>=90%	>=85%	>=80%	>=75%	>=70%	>=65%	>=60%	>=55%	>=50%	<50%	X 1.0
	Dam	10	>=95%	>=90%	>=85%	>=80%	>=75%	>=70%	>=65%	>=60%	>=55%	>=50%	<50%	X 1.0
Sex Ratio	Recipient Dam	5	0.9 - 1.1	0.8 - 1.2	0.7 - 1.3	0.6 - 1.4	0.5 - 1.5	0.4 - 1.6	0.3 - 1.7	0.2 - 1.8	0.1 - 1.9	<0.1 - >1.9	0%	X 0.5
	Sex Ratio	5	>=90%	>=80%	>=70%	>=60%	>=50%	>=40%	>=30%	>=20%	>=10%	>=0%	0%	X 0.5
Weight / 50	200	12.5	>=90%	>=80%	>=70%	>=60%	>=50%	>=40%	>=30%	>=20%	>=10%	>=0%	0%	X 1.25
	400	12.5	>=90%	>=80%	>=70%	>=60%	>=50%	>=40%	>=30%	>=20%	>=10%	>=0%	0%	X 1.25
	600	12.5	>=90%	>=80%	>=70%	>=60%	>=50%	>=40%	>=30%	>=20%	>=10%	>=0%	0%	X 1.25
Carcass / 30	MCW	12.5	>=90%	>=80%	>=70%	>=60%	>=50%	>=40%	>=30%	>=20%	>=10%	>=0%	0%	X 1.25
	EMA	12.5	>=90%	>=80%	>=70%	>=60%	>=50%	>=40%	>=30%	>=20%	>=10%	>=0%	0%	X 1.25
	Rib	6.25	>=90%	>=80%	>=70%	>=60%	>=50%	>=40%	>=30%	>=20%	>=10%	>=0%	0%	X 0.625
Birth / 30	Fump	6.25	>=90%	>=80%	>=70%	>=60%	>=50%	>=40%	>=30%	>=20%	>=10%	>=0%	0%	X 0.625
	IWF	5	>=90%	>=80%	>=70%	>=60%	>=50%	>=40%	>=30%	>=20%	>=10%	>=0%	0%	X 0.5
	AI Date	12.5	>=90%	>=80%	>=70%	>=60%	>=50%	>=40%	>=30%	>=20%	>=10%	>=0%	0%	X 1.25
Fertility / 40	Calving Ease	5	>=90%	>=80%	>=70%	>=60%	>=50%	>=40%	>=30%	>=20%	>=10%	>=0%	0%	X 0.5
	Birth Weight	12.5	>=90%	>=80%	>=70%	>=60%	>=50%	>=40%	>=30%	>=20%	>=10%	>=0%	0%	X 1.25
Other / 10	Scrotal DTC	20	>=90%	>=80%	>=70%	>=60%	>=50%	>=40%	>=30%	>=20%	>=10%	>=0%	0%	X 2.0
	Ductility	5	>=90%	>=80%	>=70%	>=60%	>=50%	>=40%	>=30%	>=20%	>=10%	>=0%	0%	X 0.5
Fertility / 40	Structure	5	>=90%	>=80%	>=70%	>=60%	>=50%	>=40%	>=30%	>=20%	>=10%	>=0%	0%	X 0.5
	Flight Time	0	>=90%	>=80%	>=70%	>=60%	>=50%	>=40%	>=30%	>=20%	>=10%	>=0%	0%	X 0.0
Other / 10	DNA	0	>=90%	>=80%	>=70%	>=60%	>=50%	>=40%	>=30%	>=20%	>=10%	>=0%	0%	X 0.0

* If a herd does not have any calves bred by AI, a maximum score is allocated for AI date. Likewise, if a herd does not have any calves bred by ET, a maximum score is allocated for recipient dam.

Once the individual traits have been scored, the scores are tallied to give a total score for each trait block, plus an overall score out of 200. The overall score is also given a rating on a 0-5 scale based on the scale provided below. The overall score and rating are calculated for each individual calving year, plus averaged across the past 5 year period.


Rating	5	4.5	4	3.5	3	2.5	2	1.5	1	0.5	0
Score	165+	150 - 165	135 - 150	120 - 135	105 - 120	90 - 105	75 - 90	60 - 75	45 - 60	30 - 45	0 - 30

6. Karkasresultate vir fase 1 van BGP projek

Die inligting wat gebruik is om hierdie verslag saam te stel, is **rou karkasresultate** soos ontvang vanaf die LNR vir bulle wat geslag is tydens die eerste fase van die BGP projek.

6.1 Uitslagpersentasie:

Uitslagpersentasie is 'n funksie van lewendige en karkas gewig. Graan gevoerde diere se uitslagpersentasies wissel gewoonlik tussen 55% en 65%. Hoër waardes word vanselfsprekend verkies en word beïnvloed deur: die voer wat gevoer word (beeste wat graan gevoer word het gewoonlik hoër uitslagpersentasies in vergelyking met die wat op die veld afgerond word), karkas vetheid (vetter karkasse het gewoonlik hoër uitslagpersentasies) en lewendige gewig (groter diere het gewoonlik hoër uitslagpersentasies).




In die bostaande grafiek word die verspreiding van die uitslagpersentasies van Simbra bulle wat oor die afgelope 3 jaar vir vleiskwaliteitstoetse geslag is, aangedui. Uitslagpersentasie hou verband met die hoeveelheid geld wat 'n produsent vir die karkas ontvang, dus is hoër uitslagpersentasies wenslik. Relatiewe groot variasie in uitslagpersentasies het voorgekom in die 195 bulle wat geslag is (soos gesien kan word in die bostaande grafiek). Gevolglik is seleksie vir hoër uitslagpersentasies beslis moontlik.

6.2 Oogspierarea:


Oogspierarea (EMA) of ribeye-area (REA): Ribeye-area is 'n funksie of aanduiding van bespiering (die hoeveelheid vleis relatief tot been). Die werklike waardes vir EMA moet geëvalueer word in verhouding tot karkasgewig, aangesien groter karkasse oor die algemeen groter EMA's het. Oogspierarea hou dus verband met opbrengspotensiaal.

Op sy eie beteken oogspier grootte nie veel nie en moet dit saam met karkas of lewendige gewig geëvalueer word. Die grafiek op die volgende bladsy dui egter die verspreiding en dus ook die variasie in oogspier groottes aan van die Simbra bulle wat geslag is.



6.3 Vleissagtheid:

Vir vleis wat vir 7 dae verouder is, dui 'n brute krag van 3.4 kg op aanvaarbare vleissagtheid, 5.6 kg dui op taai vleis en 8.5 kg op baie taai vleis. Na aanleiding van riglyne bepaal deur projekte waar brute krag as 'n riglyn vir verbruikerstevredenheid gebruik is, is gevind dat waardes laer as 3.8 kg vir die restaurantbedryf aanvaarbaar is, terwyl brute krag waardes van minder as 4.6 kg aanvaarbaar sal wees vir kommersiële verbruikers (huishoudelike gebruik). Waardes hoër as 4.6 kg word as taai beskou.



	Voldoen aan huishoudelike gebruik standaard	Voldoen aan Restaurant standaard	Monsters bo 4.6 kg brute krag (Taai)
Hoeveelheid monsters	91	50	104
% monsters	47	26	53

Wat baie belangrik is om raak te sien in die bostaande grafiek is die groot fenotipiese variasie (moontlik ook genotipiese variasie) t.o.v. vleissagtheid wat tussen die monsters bestaan. Wanneer daar variasie bestaan tussen diere, is seleksie vir verbeterde vleissagtheid moontlik. Die taaiste vleismonster het 'n brute krag meting van 10.9 kg gehad en die sagste monster het 'n brute krag meting van slegs 2 kg gehad. Van die 195 monsters wat getoets is, was daar 91 monsters (47% van die totaal) wat aan die huishoudelike standaard (minder as 4.6 kg) voldoen het. Slegs 50 van hierdie monsters (26% van totaal) het aan die restaurant standaard voldoen (minder as 3.8 kg). Meer as die helfte van die monsters wat getoets is (53 %) het egter nie aan die standaard voldoen nie en is as taai beskou.

6.4 pH van vleis:


pH-waardes bo 5.8 dui daarop dat 'n dier onderworpe was aan en/of vatbaar is vir langtermyn stres voordat die dier geslag word. Omgewingstresfaktore sluit in: warm weer, langtermyn voeronthouding, swak vervoer of lang reisafstande na die abattoir, lang staan by abattoir. Party van hierdie faktore kan deur die produsent of abattoir aangewakker word, maar ander is toevallig (warm weer). pH > 5.8, kan ook dui op 'n dier se stres vatbaarheid - bv. as die pH hoër is as 5.8 onder relatief ideale voor-slagtoestande, dui dit daarop dat die dier maklik stres of sterker reageer op stressoestande. Langtermyn stres veroorsaak lae spierglikogeenvlakke wat lei tot stadige en onvolledige pH-afname en donker vleis. Normale pH wissel van 5.3 tot <5.8.

Van die 195 Simbra vleismonsters wat getoets is, het slegs 5 (2.5 %) van die monsters 'n pH van meer as 5.8 gehad. Hoë pHs en dus stresvatbaarheid was gevolglik nie 'n probleem gewees nie.

6.5 Chemiese spiervet:


Chemiese spiervet of marmering kan wissel van ongeveer 0.5 tot waardes so hoog as 5 of meer. Waardes van 2 tot 3% is die norm vir graan gevoerde Suid-Afrikaanse beeste. 'n Vlak van meer as 4% word benodig om smaaklikheid te verbeter.

Van die 195 Simbra vleismonsters wat getoets is, was daar 15 wat 4% of meer chemiese spiervet bevat het. Dit is 8% van die totale aantal monsters. Die chemiese spiervet inhoud van die monsters het gewissel van 'n minimum van 0.4% tot 'n maksimum van 8%. Daar was baie variasie tussen die monsters en dus is seleksie vir verhoogde smaaklikheid moontlik.



6.6 Kookverlies:

Waardes tussen 20 en 25% is aanvaarbaar en dui daarop dat die vleis onder normale kook toestande doeltreffend sy vog behou.



Van die 195 Simbra vleismonsters wat getoets is, het 90 (46%) van die monsters 'n kookverlies van meer as 25% gehad. Soos in die grafiek hierbo aangedui is daar wel baie variasie t.o.v. kookverlies tussen die vleismonsters gewees. Seleksie vir laer kookverlies persentasies is dus moontlik.


7. Uitskieter-verslae (Outlier reports)

Elke keer wanneer 'n BREEDPLAN-analise uitgevoer word, word die variasie tussen die prestasie-inligting van diere binne elke kontemporêre groep ondersoek. Variasie binne 'n kontemporêre groep word verwag, maar wanneer die verskil tussen die prestasie rekord van 'n dier en die gemiddeld van al die diere in die kontemporêre groep te veel verskil (drie fenotipiese standaardafwykings vanaf die gemiddeld van die groep - na aanpassing vir ouderdom by meting en ouderdom van moeder), word hierdie dier se rekord as 'n "uitskieter" geïdentifiseer.

Hoekom kyk BREEDPLAN vir Uitskieters?

Die doel van die identifisering van uitskieters is om enige potensiële data-aantekeninge foute te probeer uitlig. Die oorsprong van uitskieters is gewoonlik een van die volgende:

- Verkeerde meting word aangeteken.
- Verkeerde dierinligting word aangeteken. Bv. Verkeerde geslag.
- Diere word in verkeerde kontemporêre groep geanaliseer. Korrekte bestuursgroep nie aangedui nie (bv. Skouegroep).
- Sommige diere is werklik betekenisvol geneties superieur t.o.v. hul kontemporêre groep.



Wat gebeur met Uitskieter-rekords?

Wanneer uitskieter data geïdentifiseer word, word dit gemerk en uitgesluit uit die BREEDPLAN-analise. 'n Verslag word dan gegenereer wat alle kontemporêre groepe lys waarin uitskieters geïdentifiseer is. 'n Harde kopie van hierdie verslag word aan die betrokke teler gestuur en 'n elektroniese weergawe van die verslag word op sy Internet Solutions beskikbaar gemaak. 'n Stel instruksies van hoe om met uitskieters om te gaan word ook beskikbaar gemaak.

Wanneer uitskieters reggestel of geverifieer is, sal die data in die volgende BREEDPLAN analise ingesluit word. As 'n uitskieter nie reggestel of geverifieer word nie, sal dit altyd uit die BREEDPLAN analyses uitgesluit word. In hierdie geval word diere wat potensieel geneties superieur is benadeel aangesien hul eie rekords nooit 'n bydra sal maak tot die berekening van hul teelwaardes nie. Telers kan terugwerkend deur al hul Uitskieter-verslae werk en dit regstel of verifieer.

Uitskieter-verslag

In hierdie verslag word diere met uitskieter-waardes donker gedruk en met 'n # simbool aangedui (sien voorbeeld op volgende bladsy). Die res van die diere in die kontemporêre groep word ook in die verslag aangedui (sien voorbeeld). Die rou fenotipiese waarde (waarde soos gemeet op die plaas), sowel as die aangepaste waarde (aangepas vir ouderdom van dier by meting en ouderdom van moeder) word op die verslag weergegee.

Herd		Outliers											RETURN TO: Hereford BREEDPLAN ABRI, University of New England ARMIDALE NSW 2351 Phone: 02 6773 3059 Fax: 02 6772 5376 Email: hereford@breedplan.une.edu.au				
ABC ALPHABET Alphabet Herefords		Herd	Animal Ident	Sire Ident	Dam Ident	Sex	Deceased	Num in Birth	By ET	Foot	Date of Birth	Observation Date	Group	Age	Raw Oban	Adjusted Oban	Trait
ABC	ABCK013	OSA123	ABCF083	Male		1	No				24/07/2014	20/07/2016		727	841	826	FW - Final Weight
ABC	ABCK030	AAA071	ABCF123	Male		1	No				27/07/2014	20/07/2016		724	840	829	
ABC	ABCK053	OSA123	ABCD034	Male		1	No				07/08/2014	20/07/2016		713	858	880	
ABC	ABCK057	JJJF181	ABCG055	Male		1	No				06/08/2014	20/07/2016		714	822	826	
ABC	ABCK074	OSA123	AAAD73	Male		1	No				11/08/2014	20/07/2016		709	800	796	
ABC	ABCK078	OSA123	ABCD094	Male		1	No				12/08/2014	20/07/2016		708	862	763	
ABC	ABCK125	ABCG025	ABCC106	Male		1	No				02/09/2014	20/07/2016		687	800	813	
ABC	ABCK129	JABG177	ABCE059	Male		1	No				03/09/2014	20/07/2016		686	846	769	

Outlier animal in group

August 2016 Hereford GROUP BREEDPLAN

Outliers

Page: 1

Wat moet teler doen wanneer hy 'n uitskieter-verslag ontvang?

Uitskieter-verslae moet noukeurig bestudeer word en die volgende inligting moet geverifieer word:

- Is die prestasie inligting korrek aangeteken?
 - Korrekte meting
 - Korrekte datum van meting
 - Korrekte meting aan die regte diere toegeken
- Is die diere se inligting korrek aangeteken?
 - Geslag
 - Geboortedatum
 - Korrekte ouers
 - Enkel of deel van 'n tweeling
 - Embrio kalf of nie
- Is die diere in die korrekte kontemporêre groep geanaliseer?
 - Het die diere dieselfde geleentheid gehad as die ander diere in die groep om te presteer?
 - ✓ Was hy siek?
 - ✓ Het hy ekstra voer ontvang?
 - ✓ Is sy moeder anders behandel?
 - Is die korrekte bestuursgroep aangeteken?

Wanneer die teler al hierdie inligting geverifieer het, moet hy die personeel by sy betrokke genootskap kontak. Korreksies moet deur die genootskap op die BREEDPLAN databasis aangebring word. Indien die data reg is, moet hulle dit op die stelsel verifieer sodat dit in die volgende BREEDPLAN analyses ingesluit kan word.